

Geblokte pype en toerusting – Meer as net 'n gemors

September 2019

Die CSB het 'n insident ondersoek op 'n afval druktenk waar 'n proses probleem die uitlaat na ventilasie en ook die veiligheidsklep geblok het. Ambagsmanne het begin om die houer oop te maak sodat hulle dit kan skoonmaak. Oorblywende druk in die tenk het die deksel van die tenk afgeskiet en al drie ambagsmanne is dood. Hoekom het dit gebeur?

Hoekom het die ambagsmanne die tenk se deksel begin los-skroef terwyl dit nog onder druk was? Gedurende inbedryfstelling is afvalprodukt na die tenk gestuur wat gas vrygestel het. Die gas het produk saamgedra wat die uitlaat en veiligheidsklep geblok het en dit het hoë druk veroorsaak. Die drukmeter op die tenk is terselfdertyd geblok en het geen druk gewys nie.



Fig. 1 Die geblokte ventilasie pyp



Fig. 2 Die afgeskiete deksel

Het jy geweet?

- Geblokte lyne en toerusting is 'n gemors. Om dit veilig skoon te maak is soms vuil werk. As lyne of toerusting blok kan dit 'n ander ernstige probleem veroorsaak: Dit kan beteken dat belangrike instrumente of veiligheidskleppe ook geblok is.
- Baie dinge kan blokkasies veroorsaak soos hoë smeltpunt materiale, soliede materiale soos kristalle in die proses stroom of produkte van korrosie. Behoorlike isolasie is nodig om geblokte toerusting skoon te maak en voordat pype of toerusting oopgemaak word. (LOTO)
- Daar moet 'n prosedure wees met die voorsorg en stappe nodig om pype of toerusting veilig te maak voordat dit oopgemaak word.

Wat kan jy doen?

- Geblokte pype en toerusting dui op ander probleme: 'n Proses afwyking, oormatige korrosie, ens. Rapporteer blokkasies selfs al is dit 'n klein probleem.
- Gereelde blokkasies van pype en toerusting moet ondersoek word om herhaling te voorkom en die risiko van pype oopmaak te vermy.
- Voordat jy pype of toerusting oopmaak, stop eers en beplan hoe die werk sal voortgaan en watter ander gevare kan mense blootstel tydens die oopmaak proses.

As toerusting blok, kan dit 'n waarskuwing wees dat ander toerusting ook geblok is.